

# ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

## DEUR

### DR PHILIP THEUNISSEN

---

#### DIE TESTAMENT

Aan die begin van hierdie reeks is daar gesê dat erfopvolging nie bloot net die opstelling van 'n testament is nie maar dat 'n testament beslis 'n belangrike deel van erfopvolging is. Erfopvolging is dus nie volledig sonder 'n testament nie. Die moontlikheid is altyd daar dat die uittredende party (pa) of selfs die intredende party (seun) voor die tyd te sterwe kan kom. Die testament moet sulke onvoorsiene gebeure aanspreek. Die opstelling van die testament, inhoud daarvan, aanstelling van 'n eksekuteur en die gereelde hersiening van die testament moet dus deel vorm van erfopvolging.

Volgens die Suid-Afrikaanse regstelsel kan enige persoon wat ouer as sestien jaar is 'n wettige testament opstel behalwe as hy ten tye van die opstelling daarvan in so 'n mate aan 'n geestesongestelheid lei dat hy nie vir sy dade verantwoordelik gehou kan word nie. Die bewyslas daarvan rus op die persoon wat die aantyging maak dat die testateur of testatriese nie in staat was om 'n testament op te stel nie.

#### Wetlike aspekte

'n Testament is 'n wettige geskrewe dokument waardeur 'n persoon vrywillig bepaal hoe daar ná sy afsterwe van sy bates ontslae moet raak. Hieruit kan daar dus afgelei word dat 'n testament skriftelik gedokumenteerd moet wees en dat dit sonder enige dwang opgestel moet wees met die duidelike intensie om 'n testamentêre dokument daar te stel.

Dit is een van die oudste en bekendste regsinstrumente in die mens se geskiedenis en ook 'n byna onaanvegbare dokument. Dit is 'n persoonlike opdrag van die opsteller en is een van die belangrikste dokumente wat 'n persoon kan opstel. Indien hy dit nie opstel nie, gaan die gemene reg en ander wette van die land besluit hoe die persoon se bates verdeel moet word. Met behulp van 'n testament kan die erflater dus self besluit hoe sy bates verdeel moet word.

'n Testament kan verrykende gevolge vir die opsteller se familie hê want dit is dié dokument wat oor al die bates besluit wat die opsteller oor sy leeftyd opgebou het. Daarom is dit belangrik om seker te maak dat die dokument aan al die wetsvereistes voldoen en dat dit geregtigheid en regverdigheid aan al die erfgename sal bied.

#### Unieke eienskappe

Daar is verskeie unieke eienskappe wat 'n testament van ander regsinstrumente of dokumente onderskei. Die vernaamste hiervan is:

- Die opsteller is nooit by as dit uitgevoer word nie;
- Die opsteller weet gewoonlik nie wanneer die testament in werking gaan tree nie;
- Dit is 'n eensydige dokument wat gewoonlik net die wense van een persoon weergee;

- Solank hy lewe, kan 'n persoon sy testament soveel keer as wat hy goeddunk verander of van nuuts af opstel;
- In die meeste gevalle kan besluite wat daarin vervat is na afsterwe van die opsteller nie weer verander word nie;
- Die opsteller se bates word volgens sy eie wense verdeel;
- Die opsteller benoem 'n persoon of instansie wat sy testament gaan uitvoer;
- Die opsteller kan voogde en beskermhere benoem wat sy bates namens sy minderjarige erfgename bestuur;
- Die opsteller kan 'n testamentêre trust laat oprig.

Omdat die opsteller nie weet wanneer sy testament uitgevoer gaan word nie en ook nie by gaan wees wanneer dit uitgevoer moet word nie, moet hy baie spesifiek in sy testament wees. Ander moet probeer interpreteer wat sy bedoeling was en hy is ook nie beskikbaar om onduidelikhede of vaaghede uit die weg te help ruim nie. As die opsteller dus seker wil maak dat sy laaste wil en wense reg uitgevoer moet word, moet hy dit baie duidelik in sy testament stel.

## **Vryhede**

Die opsteller het die vryheid om enige bepalings in sy testament te vervat solank dit geldig is in inhoud en ook in dié mate wat dit aan al die voorgeskrewe formaliteite moet voldoen. In die Suid-Afrikaanse reg word daar feitlik nie ingemeng met die opsteller se vryhede nie en slegs in uitsonderlike gevalle word daar nie aan die wense van die opsteller voldoen nie. Die mees voor-die-handliggende uitsonderings is onwettige bepalings wat in stryd met openbare wette is of bepalings wat te vaag is of nie prakties uitvoerbaar is nie. In die geval van onredelike bepalings, soos dat *“my dogter eers van haar huidige man moet skei voordat sy haar erfporsie mag ontvang”* sal die reg ook met die vryheid van die opsteller inmeng. Die basiese uitgangspunt is egter dat ruim vryheid by die opstel van die testament in Suid-Afrika toelaatbaar is.

Daar is tog drie gevalle wat deur die Suid-Afrikaanse reg uitgesonder word waarvoor die opsteller nie absolute vryheid het nie, naamlik:

- Die testateur het 'n verpligting om sy minderjarige kinders te onderhou en te onderrig en kan hulle nie uit sy testament laat nie;
- In terme van die wet op onderhoud van die oorlewende eggenoot of eggenote het so 'n naasbestaande 'n eis op onderhoud teen die boedel van die afgestorwene;
- Enige eggenoot of eggenote wat buite gemeenskap van goedere getroud is en onderheiwig is aan die aanwasbedeling, het 'n eis teen die boedel vir die helfte van die aanwas.

Testamente het al tot verskeie duur regsgedinge gelei. Dit het ook al daartoe gelei dat die langsliewende ouer van die kinders vervreem geraak het en dat verhoudings tussen broers en susters opgebreek het. Hoewel daar dus baie vryhede in die opstel van 'n testament is, moet die opsteller deeglik kennis neem van die uitvoerbaarheid en die effek van sy laaste wil en wense.

## **Beperkings**

Daar is ook sekere wetlike beperkings wat die vryheid van die testateur kan beïnvloed, naamlik:

- Die wet op onroerende eiendom waardeur die hof bemagtig is om voorwaardes te verwyder of te wysig wat deur 'n testament op onroerende eiendom geplaas is indien sulke voorwaardes 'n erfgenaam benadeel;

- Die wet op onderverdeling van landbougrond wat verhoed dat 'n plaas se titelakte tussen erfgename verdeel kan word;
- Die wet op minerale wat verhoed dat die minerale regte van eiendom verdeel mag word;
- Die pensioenfondswet wat die bestuurder van die fonds toelaat om te besluit wie van die testateur se afhanklikes die voordele uit die fonds mag ontvang;
- Die wet op beslote korporasies wat bepaal dat slegs natuurlike persone en nie byvoorbeeld trusts nie, lid van 'n beslote korporasie mag wees.

## Slotsom

Dit is nie wenslik vir veral 'n boer om sonder 'n testament te sterf nie. In so 'n geval sal die staat self volgens die gemene reg besluit wat met die afgestorwene se bates gaan gebeur. Die uitwerking daarvan is dat al die bates in 'n pot gegooi word waar dit geroer gaan word en volgens 'n vasgestelde rangorde gelykop onder die naasbestaandes verdeel gaan word. Die groot voordeel van 'n testament is dus dat die opsteller volgens sy eie oordeel en magte kan besluit hoe sy bates verdeel moet word sodat dit sy erfgename se omstandighede die beste sal pas. In die geval van 'n boerdery, waar daar baie bates by betrokke is en waar daar boerende en nie-boerende erfgename kan wees en moontlik ook nog 'n wederhelf kan wees wat finansieel versorg moet word, is dit dus van deurslaggewende belang dat daar 'n behoorlike testament moet bestaan.

*Hierdie reeks artikels oor erfopvolging gaan binnekort in boekvorm gepubliseer word. Lesers wat in so 'n boek belangstel kan hulle name en kontakbesonderhede nou reeds aan Dr Philip Theunissen verskaf per e-pos by [philip@computus.info](mailto:philip@computus.info) en per faks of telefoon by (058) 3039640.*

---

**BETHLEHEM**

**Augustus 2004**